4 November **Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 7**

Om te trou of nie…

Paulus is nie teen die huwelik gekant nie – al was hy self nooit getroud nie. Ook die gemengde huwelike tussen gelowiges en heidene in Korinte wat reeds bestaan het, moet nie ontbind word nie. Die huwelik op sigself is nie sondig nie – God het dit dan self ingestel (Gen 2:20-24)! Die destydse bygeloof dat maagdelikheid ‘n byna engelagtige deug sou wees, hou nie steek nie.

Waarteen Paulus ons wel waarsku, is dat jou huwelik ‘n struikelblok mag wees in jou toewyding aan die Here. Dán is dit beter om liewer nie te trou nie (verse 15, 32-35). Die eer van die Here is só belangrik in ‘n Christen se lewe dat dit moet bepaal of jy trou, of ongetroud bly!

Hoe ver het ons moderne, Westerse huweliksmoraal nie al verval nie… Wat is deesdae die bepalende faktore om te trou, te skei of ongetroud te bly? Met soveel egskeidings onder ons hoor ons dikwels die vraag: “Dominee, is egskeiding dan nou só ‘n groot sonde?”

Dié hoofstuk vra jou ‘n weervraag: Is ‘n huwelik wat jou verhinder om die Here van harte te dien, nie net so ‘n gruwelike sonde nie? Dit is hoog tyd dat jy jou huwelik in oënskou neem en jouself afvra: om watter rede het getrou? Jou ongetroude status laat dieselfde vraag ontstaan: waarom wil ek so voortgaan? Of dan jou uiteindelike doodloopstraat: om watter rede(s) oorweeg ek ‘n egskeiding?

Sing: Skrifberyming 38:3 (mel Psalm 18) Ds J Botha (Laeveld)